Ebed-Melech Institute
Landscaping African Missions

LANDSCAPING AFRICAN MISSIONS

MIGRASIE EN INTER-KULTURELE ONTMOETINGS EN AANPASSINGSPROGRAM VIR KERKE
16 - 17 APRIL 2019

VOLTYDSE SEMINAAR: R250, OF R50 PER AANDSESSIE

Ons nooi alle: Predikante/pastore, kerkraadslede en alle lidmate

Ebed-Melech Instituut se primêre fokus is:

(1) Kerke se persepsie van immigrante (immigrante is nie slegs buitelanders nie...)
(2) Kerke se benadering tot die kwessie van diversiteit in hulle gemeentes
(3) Kerke se gebrek aan planne en voorbereidings vir integrasie
(4) Kerke se vermoë om die verskeidenheid van besoekers/nuwe lidmate te hanteer
(5) Kerke se vermoë om te besef dat hulle spesifieke doelwitte grootliks afhang daarvan of hulle leierskap sterk, pro-aktief en aksie-georiënteerd is en of hulle volhoubare, omvattende migrasiebeleid kan vasstel op alle vlakke van hul kerk-denominasie.

Beskrywing van die seminaar: Die seminaar stel deelnemers bekend aan belangrike aspekte ten opsigte van bediening aan **inter**-kulturelegroepe binne die plaaslike gemeente. Dit help met die ontwikkeling van en waardering vir verskillende kulturele opvattings en waardes. Die doel van die seminaar is om leiers aan die dinamika bekend te stel wat onlosmaaklik deel is van **inter**-kulturele ontmoetings en om boustene vir doeltreffende **inter**-kulturele bediening te ontdek.

Hierdie seminaar beklemtoon die volgende:

- Die boustene om ‘n doeltreffende **inter**-kulturele bediening te skep,
- ontwikkeling van ‘n **inter**-kulturele Christelike bediening om die veranderinge in die gemeenskap te weerspieël,
- ontwikkeling van die rol van die plaaslike kerk in die globale wêreld, en
- prosesse vir die hantering van verandering en bedieningskwessies.

Impak op die kerk/organisasie:

Die doel van hierdie opleidingseminaar uit die kerk se oogpunt is om ‘n doeltreffende benadering tot inter-kulturele kommunikasie en bediening te ontwikkel. Kerke wat hierdie idees aanwend sal:

- Weet hoe om die beste uit hul grootste bate te haal - hulle werkers en lidmate,
- weet hoe om verandering doeltreffend te hanteer vanuit ‘n inter-kulturele kommunikasie-oogpunt,
- weet hoe om die hoeveelheid dissipels te vergroot en hoe om hulle in die kerk te hou, en
- eeet hoe om gemeenskap en verhoudings te verbeter tussen verskillende kultuurgroepe in die kerk.

Persoonlike impak: Na bywoning van hierdie seminaar, sal afgevaardigdes:

- Selfvertroue hê in hulle benadering tot **inter**-kulturele kommunikasie,
- weet hoe om ‘n verskeidenheid **inter**-kulturele verhoudingskwessies te hanteer, en
- in staat wees om ‘n duidelike doel en rol vir **inter**-kulturele bediening te definieer en om ‘n inter-kulturele strategie te ontwikkel en te implementeer.

BAIE BELANGRIK!

- Vir verdere navrae, kontak ds Christo Nel 076 943 2006, of dr Ben Joubert 082 921 0348
- Inskrywings kan gedoen word by NG Kerk Riebeeckstad se Kerkkantoor, 057 388 2697, Ma-Vry tussen 08:00 en 13:00
- **Bankbesonderhede:** NG kerk Riebeeckstad, ABSA Tjekrek 134 058 0474 Verwysing: Inter Seminaar
- **Sluitingsdatum:** Vrydag 12 April 2019